



# HANDVES VAN KLIMAATS- GEREGTIGHEID

INLEIDINGSGIDS



# Handves van Klimaatsgeregtigheid

## INLEIDINGSGIDS

Augustus 2020

Join the Climate Justice Charter Movement!

Contact: copac2@icon.co.za

011 447 1013

[www.safsc.org.za](http://www.safsc.org.za) [www.copac.org.za](http://www.copac.org.za)





## Contents

DEEL 1.....	1
Meer oor dié Gids.....	1
Agtergrond tot die Handves.....	2
Hoe verstaan ons Klimaatsverandering .....	2
Woordelys .....	5
DEEL 2: Handves van Klimaatsgeregtigheid.....	8
1. Vir klimaatsgeregtigheid nou .....	8
2. Doelwitte van die handves.....	9
3. Beginsels vir diepgaande regverdige oorgange .....	11
4. Sistemiese alternatiewe vir transformerende verandering.....	13
5. Op pad na 'n mensgedreve klimaatsgeregtigheidstaat .....	40
6. Mensemag vir gemeensaamheid en 'n klimaatgeregtige ooreenkoms vir Suid-Afrika .....	41

# DEEL 1

## Meer oor dié Gids

Die doel van hierdie gids is 'n beter begrip van klimaatsverandering en die alternatief vir die mense – klimaatsgeregtigheid. Ons begin met die voorlegging van 'n agtergrond tot die handves en dan meer oor klimaatswetenskap om gemeenskappe en aktiviste te help om die dringendheid van die krisis te verstaan. Ons lê dan 'n kort lys van sleutelterme ('n woordelys) voor om sommige van die hoofbegrippe wat deesdae in klimaatsgeregtigheidsbewegings gebruik word, beter te verstaan. Ten slotte lê ons die handves met 'n paar verklarende aantekeninge, voorbeeldie en statistieke voor.

Hierdie gids is 'n medium om die handves aan gemeenskappe bekend te maak en die kennis van klimaatsgeregtigheidsaktiviste oor die krisis te verdiep, maar dit dien ook om ons te laat verstaan dat daar mense-alternatiewe is wat werk en wat bekragtig moet word.



## Agtergrond tot die Handves

Hierdie Handves van Klimaatsgeregtigheid sien die lig ná ses jaar van aksievoering te midde van die ergste droogte in die geskiedenis van Suid-Afrika, deur die Suid-Afrikaanse Voedselsoewereiniteitsveldtog en die Sentrum vir Koöperatiewe en Beleidsalternatiewe. Dis gebaseer op grondvlak-insette van gemeenskappe onder waterstres, die media, arbeid, geloofsgebaseerde gemeenskappe, die jeug, klimaatswetenskaplikes, akademici, vroue-organisasies, omgewings- en maatskaplike geregtigheidsorganisasies asook denkstukke deur vooraanstaande aktiviste. 'n Konferensie wat in November 2019 gehou is, het 'n konsep konsolideer wat daarna aanlyn geplaas is vir openbare kommentaar. 'n Finale rondte van openbare insette is by 'n Klimaatsgeregtigheidsvergadering gelewer wat op 16 Junie 2020 gehou is. Hierdie dokument is die resultaat van hierdie proses van dialoog en weerstand teen klimaatsgeregtigheid.

## Hoe verstaan ons Klimaatsverandering<sup>1</sup>

### Wat is klimaatsverandering?

Klimaat verwys na die langtermyn-veranderinge in weerpatrone wat daaglik ons lewens beïnvloed. Klimaatswetenskaplikes bestudeer en meet hierdie veranderinge. Die langtermyn-gemiddeldes van atmosferiese en oseaanveranderlikes help om te bepaal of daar enige tendense in die klimaat oor 'n tydperk bespeur kan word. As gemiddeldes oor 'n lang genoeg tydperk (twintig jaar of meer) geneem word, behoort veranderlikes in die klimaat vanweë aspekte rondom gebeure soos El Niño and La Niña te normaliseer sodat die klimaat min of meer stabiel bly. As sistemiese tendense in die klimaat egter bespeur kan word, sal ons weet dat iets fundamenteels

in die aarde se klimaatstelsel aan die verander is. Al kan 'n veranderende klimaat aan natuurlike prosesse soos 'n verandering in die hoeveelheid sonbestraling of vulkaniese uitbarstings toegeskryf word, is daar heelwat bewyse dat klimaatsverandering oor die afgelope anderhalf eeu (sedert die begin van die Nywerheidsrevolusie) aan die gebruik van olie, steenkool en gas toegeskryf kan word.

### **Suider-Afrika: 'n Aangewese klimaatsveranderings-'warmkol'**

Daar is drie redes hoekom Suider-Afrika as streek meer kwesbaar vir klimaatsverandering is as ander wêrelddele: Eerstens gaan dit aan relatief 'sterker' klimaatsverandering blootgestel word. Die Suider-Afrikaanse binneland het oor die afgelope vyf dekades teen 'n koers van sowat twee maal dié van aardverwarming verwarm en klimaatsmodelle stel voor dat hierdie patroon van bogemiddelde streeksverwarming vir die res van die eeu sal voortduur. Tweedens ontbreek dit aan 'hanteringsvermoë'. Suider-Afrika bestaan uit ontwikkelende lande wat nog nie oor hoogs gesofistikeerde rampbestuurstelsels en -infrastruktuur beskik of oor die geld om aan klimaatsaanpassing te bestee nie en ons ekonomiese is uiterst vatbaar vir veranderinge in die klimaat (landbou en toerismebedrywe). Derdens is Suider-Afrika 'n droë en warm streek wat na beraming uitermatig warmer en droër gaan word. Wanneer 'n droë, warm streek nog droër en warmer word, is die opsies vir aanpassing by klimaatsverandering beperk.

### **Watter uiterste weerskukke kan Suider-Afrika te wagte wees?**

Met aardverwarming teen 3 grade Celsius kan droogtes oor verskeie jare voortduur en kan herhaalde hittegolwe so ernstig wees dat dit tot die ineenstorting van mieliegewasse en die veebedryf in groot dele van Suider-Afrika lei. Al is dit waarskynlik dat Suider-Afrika oor die algemeen droër gaan word as gevolg van toekomstige klimaatsverandering, is dit ook moontlik dat uiterste reënvalle meer dikwels oor die streek sal voorkom.

### **Implikasies van Klimaatsverandering vir Suid-Afrika**

Die opeenvolging van skokke vanweë klimaatsomstandighede van uiterstes is morsig en kompleks. Byvoorbeeld, al dra landbou relatief min tot ekonomiese uitsette in Suid-Afrika by, word die impak van 'n ongunstige klimaat deur groot getalle mense gevoel as gevolg van landbouwerkloosheid, stygende voedselpryse en honger. Ander voorbeeldsluit vloede vanweë uiterste reënval in wat arm gemeenskappe langs riviere beïnvloed.

### **Reaksies op Klimaatsverandering**

Reaksies op klimaatsverandering sluit versagting sowel as aanpassing in. Versagting is 'n "menslike tussentrede om die bronre te verminder of die afname in kweekhuisgasse te verhoog"<sup>2</sup> en aanpassing is "die proses van aanpassing by 'n werklike of verwagte klimaat en die gevolge daarvan".<sup>3</sup> Versagtings- en aanpassingsweë is nie polities neutraal nie. Dit moet gaan oor 'transformasie' van die persoonlike, praktiese en politiese sfere van ons lewens. Die fokus is op die wysiging van gebruikte wat ons in die eerste plek fundamenteel kwesbaar maak vir klimaatsrisiko's. Voorbeeld van transformasie kan 'n oorgang wees na hernubare energie in maatskaplike en gemeenskaplike besit, verbeterde toegang tot klimaatsposte en die bou van 'n nuwe voedselstelsel wat gegrond is op voedselsoewereiniteit.



## Woordelys

**Agro-ekologie/Agro-ekologies:** duï op 'n ekologiese benadering tot landbou wat landboukundige gebiede as ekosisteme beskou en besorgd is oor die ekologiese impak van landboukundige praktyke. Agro-ekologie is 'n wetenskap wat innoverend bou op tradisionele boerderykennis wat met die natuur saamwerk. Agro-ekologie omvat ook 'n politiese benadering wat deur kleinskaalse voedselvervaardigers as lewenswyse aanvaar word om sosiale, ekonomiese en omgewingsgeregtigheid as deel van voedselsoewereiniteit 'n werklikheid te maak.

**Eko-mobiliteit:** is die gebruik om plaaslike gebiede en stede wat praktiese, laebesoedelings- en omgewingsvriendelike mobiliteit ondersteun, te ontwikkel en te bestuur met 'n weg beweeg van gemotoriseerde vervoer na stap, fietsry, openbare en kollektiewe vervoer.

**Eko-sosiaal:** hou verband met die verbintenis tussen die ekologie en samelewing, en omsluit mense, argitekture, landskappe, grond, voedselgewasse en bakterieë.


**Ekostelsel:** sluit alles in wat op 'n bepaalde gebied lewe – mense, diere en plante – asook hul wisselwerking onderling en met die nielewende omgewing soos die aarde, son, grond, klimaat en atmosfeer.

**Ekstraktivisme:** is die proses van natuurlikehulpbron-verwydering uit die aarde deur ontginding om op die mark te verkoop en gaan gewoonlik gepaard met 'n ekonomie wat afhanglik is van daardie natuurlike hulpbronne en hul ontginding.

**Fossielbrandstowwe:** 'n brandstof (soos steenkool, olie of aardgas) wat oor honderdduisende jare in die grond gevorm word deur dooie plante of diere.

**Gemeenskaplike/gemeenskaplike goed:** verwys na lewensbemagtigende bronse soos water, grond en biodiversiteit wat aan 'n hele gemeenskap behoort en in hulle

behoeftes voorsien. Die demokratiese verdeling van sodanige bronne gaan oor die beveiliging van die gemeenskaplike en word die gemeenskaplike goed genoem.



**Hernubare energie:** energie uit 'n bron wat nie uitgeput raak wanneer dit gebruik word nie, soos die son of wind of selfs die see.

**Klimaatsposte:** is poste wat regmatig is, die oorsake en impak van klimaatsverandering verminder en dikwels veilige noodsaklike dienste soos energie, sanitasie en water voorsien.

**Koöperatief:** verwys na 'n outonome vereniging van mense wat vrywilliglik bymekaarkom om met 'n demokraties bestuurde onderneming in gemeenskaplike besit wat op koöperatiewe beginsels gereel en bedryf word, in hul gemeenskaplike ekonomiese en sosiale of kulturele behoeftes en ideale te voorsien.

**Nywerheidsrevolusie:** Die eerste nywerheidsrevolusie was in die agtende eeu die begin van 'n verskuiwing in vervaardigingsprosesse in die Weste. Hierdie verskuiwing het die gebruik en verbranding van steenkool om fabrieke en stoomenjins te stook op die spits gedryf.

**Universelle Basiese Inkomste:** is 'n staatsgefundeerde betaling of oordrag van 'n finansiële bron wat elke persoon in 'n land gereeld ontvang. Die betaling word nie getoets op middele nie en kan gedokumenteerde immigrante en vlugtelinge insluit. In Suid-Afrika verwys ons ook hierna as 'n basiese inkomstetolae.

**Verreikend Billike Oorgang:** verteenwoordig 'n oorgang van 'n koolstofgebruikende samelewing na 'n lae of koolstofvrye samelewing op sodanige wyse dat dit die negatiewe impak daarvan op werkers en gemeenskappe beperk. Dit streef daarna om energie, voedsel, vervoer en alle grootskaalse sosiale stelsels te omskep sodat ons lewe in stand kan hou. Die sleutelkwessie is dat industrieë eerder as werkers en gemeenskappe die las van die oorgang moet dra.



**Voedselsoewereiniteit:** is mense se reg tot gesonde en kultureel toepaslike voedsel wat vervaardig word met metodes wat saam met die natuur werk. Dis ook mense se reg tot beheer oor hul eie voedsel- en landboukundige stelsels.



**Zero-afval:** verwys na die filosofie wat die herontwerp van hulpbron-lewensiklusse aanmoedig sodat alle produkte hergebruik word. Geen rommel word na vullingsterreine of verbrandingsoonne gestuur nie. Zero-afval is eties, ekonomies, doeltreffend en vooruitsiende, en moedig mense aan om hul leefstyl en praktyke so te verander dat dit meer volhoubare natuurlike sikelusse kan nastreef, waar dit wat weggegooi word ontwerp is om weer vir iets anders gebruik te kan word.

# DEEL 2: Handves van Klimaatsgeregtigheid<sup>1</sup>

## 1. Vir klimaatsgeregtigheid nou

**As Afrikane leef ons saam op 'n uitgestrekte en wonderskone kontinent waar die mens se storie begin het.** Ons is almal verbind met die eerste mens wat regop geloop, gedroom, gedink en met plante, diere, riviere, oseane en woude as een saamgeleef het. Vandag is hierdie medemenslikheid in ernstige gevaar. Suid-Afrika kan nie hierdie uitdaging ignoreer nie. Die volgehoud gebruik van olie, gas en steenkool om ons ekonomie en samelewing te dryf, maak ons wêrelд ondraaglik vir alle lewe.

Die Aarde ly skade deur hierdie stelsel wat wins bo lewe stel. Elke jaar styg temperature met rampspoedige gevolge. Met 'n verhoging in aardstemperature van 1 graad Celsius sedert die begin van die nywerheidsrevolusie verander alles vinnig: al meer uiterste weerskappe (droogtes, vloede, verwoestende brande, tornado's, hittegolwe), ineenstorting van die ekosisteem, hoër seevlakke, en boonop grootskaalse druk op die Aardse se stelsels. Ons is hartseer want 'n toekoms met 'n stabiele klimaat gaan verlore. Ons onlangse droogte het ons daardie les geleer. Ons is kwaad want ons regeerders luister nie. Die ongelykheid en lyding van ons mense, ook tydens die Covid-19-pandemie, het versleg. Tog is ons hoopvol want klimaatswetenskap is aan ons kant. Nes die wetenskap van Covid-19, doen klimaatswetenskap nou ook 'n oproep om humanit re optrede. Hierdie Handves is 'n oproep tot almal wat omgee vir menslike en niemenslike lewe om saam iets te

---

<sup>1</sup> Hierdie Handves van Klimaatsgeregtigheid sien die lig n  ses jaar van aksievoering te midde van die ergste droogte in die geskiedenis van Suid-Afrika, deur die Suid-Afrikaanse Voedselsoewereiniteitsveldtog en die Sentrum vir Ko peratiewe en Beleidsalternatiewe. Dis gevorm deur insette op grondvlak van gemeenskappe onder waterstres, die media, arbeid, geloofsgbaseerde gemeenskappe, die jeug, klimaatswetenskaplikes, akademici, vroue-organisasies, omgewings- en maatskaplike geregtigheidsorganisasies asook denkstukke deur vooraanstaande aktiviste. 'n Konferensie wat in November 2019 gehou is, het 'n konsep konsolideer wat daarna aanlyn geplaas is vir openbare kommentaar. 'n Finale ronde van openbare insette is by 'n Klimaatsgeregtigheidsvergadering gelewer wat op 16 Junie 2020 gehou is. Hierdie dokument is die resultaat van hierdie proses van dialoog en weerstand teen klimaatsgeregtigheid.

doen om 'n veelsydige visie van mense se drome, alternatiewe en verlange na 'n diepgaande, regmatige oorgang te bevorder.

Myne, raffinaderye, afvalverbrandingsoonde, lugrederye, cementbedrywe en motors het vir ons gemeenskappe besoedeling, siekte, gif en lyding gebring. Chemikalie-gebaseerde en uitvoer-landbou dra by tot verskeie siektes. Tog het ons saamgetrek. Met die lesse wat geleer is oor hierdie kwade en belangrikheid van die lewensbemagtigende gemeenskaplike goed (grond, water, biodiversiteit, energie, aardstelsel en kubersfeer), sit ons ons verbintenis tot geregtigheid geanker in mensemag voort. Ons kies dus bewustelik om die stryd teen die natuur te beeindig.

Nog klimaatskokke en ekologiese krisisse sal nog lyding (en nog pandemies) vir die meerderheid tot gevolg hê, veral werkers, die armes, mense met ongeskikthede, dié sonder grond en die kwesbares. Hierdie is nie bloot natuurlike rampe nie maar leierskapmislukkings. Soos ons die lewensweb beskerm en met klimaatsineenstorting saamleef, streef ons na 'n einde aan ras-, klas-, geslags- en ekologiese ongeregtigheid. Ons kan nie dat grondvlak-vroue en kinders die skokdempers van hierdie krisis wees soos voor en tydens Covid-19 nie. Onsigbare versorgingswerk in huishoudings en opofferings deur vroue in arm gemeenskappe versag nie werklik die lyding terwyl manlike oorheersing en geweld voortboer nie. 'n Koolstofvrye gemeenskap en doeltreffende lewensorondersteuningstelsels beteken bevryding van hierdie 'ekomoord'-stelsel vir almal, ook vir toekomstige generasies. Hierdie is 'n stryd van ons tyd en ons historiese taak as Suid-Afrikaners, as mense en as deel van die wyer lewende aardse gemeenskap.

## 2. Doelwitte van die handves

Hierdie Handves streef daarna om:

**2.1 'n Bewustheid te bevorder dat ons op een planeet floreer en saambestaan.** Die Aarde is 'n gemeenskaplike tuiste vir alle spesies. Dus streef ons daarna om ons rol en verantwoordelikhede as voogde van ons

planeet se ekosisteme en die delikate lewensweb wat dit in stand hou, te bevestig.


- 2.2 'n Wegbreek te inspireer van die denke wat die krisis veroorsaak het en die obsessie met groei, vooruitgang en oorheersing versterk.** Die mag van die mens word beperk deur die perke, sikkels, kantelpunte en grense van alle ekosisteme. Net nog 'n denkwyse wat die Aarde skaad, is die forsering daarvan om te reageer met 'n krag wat ons nie kan ewenaar nie.
- 2.3 Weer met 'n Aarde-gesentreerde begrip van die betekenis van menswees in verbinding te tree.** Die natuur is eindeloos, en ons is slegs 'n geringe deel daarvan. Ons moet begrip daarvoor hê dat elke element van die ekosistem 'n intrinsiese waarde het en respekteer moet word.
- 2.4 Versterk samewerking.** Ons floreer op ons beste as mense wanneer ons eensgesindheid toon, deel, stadig leef, vry is, ons behoeftes bevestig en die fondamente van ons lewenswêreld bewaar. Dis nou tyd om die selfsugtige, gierige, mededingende, gewelddadige en verowerende begrip van die mens uit te daag.
- 2.5 Die krisis van politieke leierskap in korporatiewe besit,** wat nie in staat is om verder as die kort termyn te dink nie, die spel van 'sake soos gewoonlik' wat nie die grondoorsake van ons probleme verstaan nie, te oorwin. Ons verwerp hul vals oplossings wat die gebruik van koolstof verleng en die onregverdigte lewensvernietigende stelsel laat voortbestaan.
- 2.6 Ons demokrasie, grondwet en transformerende grondwettige regering te versterk** deur aanspraakmaking op ons regte en die bou van 'n verenigde mensemag soos ons die klimaatnood en verslegtende sosio-ekonomiese krisisse konfronteer.

### **3. Beginsels vir diepgaande regverdige oorgange**

Elke gemeenskap, dorp, stad en werkplek moet die diepgaande regverdige oorgang bevorder om sosio-ekologiese transformasie te bevorder. Die volgende beginsels sal die alternatiewe, planne en prosesse na 'n diepgaande regverdige oorgang in ons samelewing lei:

- 3.1 Klimaatgeregtigheid:** Dié wat die minste verantwoordelik is, moenie geskaad word of die koste van klimaatimpakte dra nie. Die behoeftes van werkers, die armes, dié sonder grond, dié met ongeskikthede, grondvlakvroue, kinders en die kwesbare gemeenskappe moet dus sentraal tot die diepgaande oorgang staan. Die voordele van sosio-ekologiese transformasie moet regverdig gedeel word.
- 3.2 Maatskaplike geregtigheid:** Klimaatsgeregtigheid is maatskaplike geregtigheid. Die konfrontering van alle vorms van diskriminasie en onderdrukking soos van toepassing op ras, klas, geslag en ouderdom om klimaats- en maatskaplike geregtigheid te verseker.
- 3.3 Ekosentriese bestaan:** Om eenvoudig, stadig en bewustelik op 'n ekosentriese manier te leef wat die heiligeheid van alle vorms van lewe en ons onderlinge verbintenis erken, en 'n etiek van respek en sorg bemagtig.
- 3.4 Deelnemende demokrasie:** Alle klimaats- en diepgaande regmatige oorgangsbeleide moet ingelig wees deur die stemme, toestemming en behoeftes van alle mense, veral dié wat skade in die gesig staar.
- 3.5 Gesosialiseerde eienaarskap:** In die werkplek en gemeenskap moet die mag van mense uitdrukking kry deur demokratiese beheer en eienaarskap, waaronder deur demokratiese openbare fasilitate, koöperatiewe, gemeensaamheid, gemeenskaplike eienaarskap en deelnemende beplanning, met inbegrip van deelnemende begroting in stede en dorpe, om kollektiewe bestuur van die lewensbemagtigende gemeenskaplike goed en stelsels te verseker.

- 3.6 Internasionale solidariteit:** Elkeen se stryd is 'n gemeenskaplike stryd om lewe te onderhou. In die konteks van verslegtende klimaatskokke staan internasionale solidariteit sentraal tot die diepgaande regmatige oorgang omdat dit almal wat om bevryding en 'n post-koolstofwêreld stry, verbind.
- 3.7 Dekolonialisme:** Kolonialistiese, neokolonialistiese and imperiale oorheersing dryf ons tot vernietiging. Dit is gegrond op die aanbidding van ontginding, tegnologie, finansies, geweld en markte. Ons sal ons aktief van hierdie stelsel losmaak omdat ons 'n bevrydende verhouding tussen mense onderling en met nie-menslike natuur soos gewortel in ons geskiedenis, kultuur, kennis en die wyer stryd van die onderdruktes op planeet Aarde bevestig.
- 3.8 Intergenerasie-geregtigheid:** Sorg vir ons planetêre gemeenskaplike goed en ekosisteme is onontbeerlik vir intergenerasie-regverdigheid om 'n toekoms vir ons kinders, die jeug en dié wat nog gebore moet word, te verseker.



## 4. Sistemiese alternatiewe vir transformerende verandering

Ons staar talle krisisse in die gesig maar die klimaatskrisis is die gevaaalikste. Deur die klimaatskrisis – wat op alles inwerk – aan te spreek, kan ons ook oplossings vir alle sosio-ekologiese krisisse bevorder, en in die algemeen ons stryd teen die natuur beeïndig. Sistemiese alternatiewe is noodsaaklik om die oorsake van klimaatsverandering, die risiko's daarvan en druk op die ineenstorting van stelsels aan te spreek.

Daar is menslike alternatiewe vir fossielbrandstof wat in ons basiese behoeftes kan voorsien, ons vermoë om klimaatsrampe te hanteer kan verbeter en ons kan voorberei op die herskepping van lewensorondersteuningstelsels. Sodanige sistemiese alternatiewe is reeds bedink en is deel van ons mense se stryd om gemeenskappe nou as deel van die diepgaande regmatige oorgang koolstofvry te maak. Ons is verbind tot die bevordering van sodanige alternatiewe en demokraties sistemiese hervorming van onder af.

Hierdie alternatiewe is grondvlakoplossings vir baie werklike uitdagings waarmee ons wêreld op die oomblik te kampe het.

## 4.1 Demokratiese en diepgaande regmatige oorgangsplanne



Benaderings van bo na onder tot diepgaande regmatige oorgang veronderstel dat mense nie vir hulself kan dink nie en nie oor antwoorde beskik nie. Elke gemeenskap en werkplek moet saam 'n diepgaande regmatige oorgangsplan ontwikkel. Dít moet op 'n demokratiese manier geskied om 'n energie-oorgang tot koolvry te bemagtig wat steeds aan noodsaaklike behoeftes voldoen en sistemiese alternatiewe, doelwitte en beginsels soos in die Handves uiteengesit, bevorder.

Besluitnemingsprosesse en -beleide word dikwels op staatsvlak geneem, sonder voldoende deelname en toestemming van die mense.

## **4.2 Hernubare energie in maatskaplike besit en gemeenskapsgebaseerd deur middel van versnelde geleidelike fossielbrandstof-uitskakeling**




Ons afhanklikheid van steenkool, olie en gas moet gestaak word omdat dit klimaatsineenstorting versnel en uiteindelik tot 'n onleefbare wêreld sal lei. Kernkrag is gevaarlik en duur. Ons sal eerder gemeenskapsgebaseerde hernubare energiestelsels (soos son-, wind-, hidro- en getykrag) in maatskaplike besit bevorder, wat ondersteun word deur deelnemende begrotings en aansporings (soos invoertariewe) vir ons werkplekke, tuistes en gemeenskappe. Sodanige

energietegnologie moet in Suid-Afrika met gebruikmaking van hernubare energie industrialiseer word. Doeltreffende gebruik van energie en tegnologie sal onontbeerlik vir hierdie oorgang wees. Disinvestering in fossielbrandstof, 'n einde aan fossielbrandstof-subsidies en 'n einde aan ontginning (soos hidrouliese breking, nog koolmyne en aflandige ontginning) is noodsaklik. Al die groot energie-opwekkers soos Eskom en Sasol moet hulle verbind tot diepgaande regmatige oorgangsplanne om die belang van werkers, geraakte gemeenskappe en toekomstige generasies te beskerm.


Die brand van fossielbrandstof soos steenkool, olie en gas dra ontsaglik by tot die klimaatskrisis en is verantwoordelik vir 'n styging van 1 °C in wêreldtemperatuur. Verskeie ander faktore het ook 'n uitwerking gehad<sup>5</sup>. 'n Styging in die gemiddelde wêreldtemperatuur het 'n uitkringeffek en veroorsaak verwoestende weersokke soos 'n verhoogde intensiteit en herhaling van orkane, vloede, droogtes en ander uiterste weersomstandighede.

Die ontginning van hierdie fossielbrandstowwe stroop nie net die grond van al sy natuurlike voedingstowwe nie, maar versteur ook die natuurlewe se delikate balans in die gebied. Ontginning en verbranding veroorsaak verder waterbesoedeling weens die afloop van chemikaliëe in waterbronne. Hierdie prosesse gebruik ook baie water.<sup>4</sup>

Besoedeling vanweë die verbranding van fossielbrandstof is ook uiter skadelik vir die asemhalingstelsel van die mens en veroorsaak jaarliks talle sterftes. Suid-Afrika is nommer 38 uit 98 lande op die wêreldwyse besoedelingsranglys<sup>6</sup>. Die Wêrelgesondheidsorganisasie skat dat sowat 20 000 mense in Suid-Afrika jaarliks van besoedeling sterf<sup>7</sup>.



#### **4.3 Voed onsself deur voedselsoewereiniteit**



Die huidige industriële voedselstelsel skep honger, gebruik water ondoeltreffend, vernietig die natuur, stel koolstof vry en is oor die algemeen ongesond. Kommersiële visvangs het die mariene-ekosisteme vernietig en die regte van bestaansvissers ondermy. Elke gemeenskap moet kleinskaalse, agro-ekologiese boerdery vooropstel om in plaaslike behoeftes te voorsien. Die reg op voedsel moet aan voedselvervaardigers, kleinskaalse bestaansvissers, informele handelaars en verbruikers mag oor hul eie gemeenskaplike voedselstelsels gee om te verseker dat kultureel-toepaslike en voedsame voedsel tot almal se beskikking is. Boonop moet biodiversiteit, beheer oor saad en hulpbronne vir vervaardiging die belangrikheid van inheemse kennis, plaaslike markte, beheer oor gemeenskaplike water, die eko-sosiologiese funksie van die land en goeie gesondheid bevestig. Groot plase moet

dekonsentreer word om grondgeregtigheid te verseker, maar op 'n manier wat billik is, rekonsiliasie versterk en solidariteit bou.


Industriële landbou is veral 'n middel tot grootskaalse kommersiële voedselvervaardiging, en word dikwels gekenmerk deur enkelgewasboerdery, die uitermatige gebruik van chemikaliëe en plaagdoders, die gebruik van swaardiensmasjinerie, die gebruik van geneties veranderde gewasse en meer. Kommersiële landbou is wêreldwyd verantwoordelik vir tot 30% van uitlatings weens die hoeveelheid masjinerie en energie wat vir die vervaardiging en verspreiding van voedsel gebruik word, en het 'n beduidende impak op die omgewing. Enkelgewasboerdery veroorsaak 'n afname in grondvrugbaarheid en verminder die hoeveelheid voedingstowwe in die grond, wat op sy beurt 'n verhoogde behoefte aan chemikaliëe veroorsaak.

Die omvang van honger in Suid-Afrika wissel, maar verslaggewing is dikwels gebrekkig. Volgens Stats SA het sowat 6,8 miljoen mense in Suid-Afrika in 2017 honger ervaar terwyl 20% van huishoudings onvoldoende toegang tot kos gehad het.<sup>9</sup>

Onder Covid-19 het die kosnood vererger: Die Coronavirus Rapid Mobile Survey-(CRAM-) opname wat die Nasionale Inkomste Dinamika Studie (NIDS) tydens die grendeltaid in Suid-Afrika uitgevoer het, het verpletterende gevogtrekkings gemaak. Volgens die studie, wat 7 000 huishoudings betrek het, het 47% van die respondenten gesê hul geld vir kos het in April 2020 opgeraak teenoor 21% van huishoudings die jaar voor grendeltaid<sup>8</sup>.

Die voedselstelsel het 'n direkte impak op oorgewig en wanvoeding: Suid-Afrika sukkel met 'n wanvoedingslas onder kinders jonger as vyf. In 2016 was die nasionale voorkoms van oorgewig onder kinders jonger as vyf 13,3%. Die nasionale 27,4%-voorkoms van verdwering onder kinders jonger as vyf was meer as die 25%-gemiddelde vir ontwikkelende lande. Suid-Afrika se volwasse bevolking gaan ook gebuk onder wanvoeding, met 25,8% van vroue van vrugbare leeftyd wat bloedarmoede het en 12,6% van volwasse vroue met diabetes in vergelyking met 9,7% van mans. Verder is 39,6% van vroue en 15,4% van mans oorgewig.<sup>10</sup>

#### 4.4 Demokratiseer gemeenskaplike water



Water word deur 'n handjievol beheer terwyl talle in desperate nood verkeer. Industriële plase, myne, steenkoolkrag, suiker- en houtplantasies is 'n paar van die grootskaalse gebruikers van water. Tot openbare voordeel moet water deur almal bewaar en teen besoedeling beskerm word. Verder moet waterverbruik demokraties beplan en doeltreffend reguleer word terwyl burgers se reg tot verbruik van hierdie skaars en kosbare hulpbron bevestig word. Water-en-sanitasie-

infrastruktuur moet upgradeer, bestuur en gemonitor word om doeltreffende gebruik te verseker. Waterbesparing uit die uitfasering van steenkoolkrag en grootskaalse industriële boerdery sal die gesamentlike water verhoog. 'n Waterbewuste gemeenskap moet bevorder word.

In Suid-Afrika is water onder die bewaring van die nasionale regering, wat moet sorg dat water in riviere, mere en grondwater beskerm word. Hulle deel water dan toe aan die plaaslike munisipaliteite, wat die water aan die mense en industrieë verkoop.


Tans is 98% van ons water reeds toegedeel, met die meerderheid daarvan bestem vir kommersiële landbou, wat nie doeltreffende watersuinige groeimetodes soos agro-ekologie gebruik nie. In 'n land wat neig tot droogte en tans huis 'n uitgerekte ernstige droogte ervaar, is dit voor die hand liggend dat die politiek rondom water moet verander; veral in die lig van 'n skamele 2% beskikbare water, onvoldoende infrastruktuur en 'n veranderende klimaat<sup>11</sup>.

Die privatisering van water is ook 'n probleem in Suid-Afrika, waar daar sowat 500 openbare damme en sowat 5 000 damme op private eiendom is.

Suid-Afrika is 'n waterskaars land, met talle gemeenskappe wat onder waterstres ly. Nagenoeg 25% van ons riviere word vanweë menslike aktiwiteit en 'n veranderende klimaat bedreig en amper 65% van ons vleilandte is in gevaar weens menslike aktiwiteit, besoedeling en klimaatsverandering.

Al verskil die syfers en al gee regerings voor hulle voorsien voldoende water, wissel die definisie van toegang. Volgens 'n verslag van Stats SA in 2016 het slegs 46,4% – minder as die helfte – van huishoudings toegang tot pypwater in hul huise gehad<sup>12</sup>.

#### 4.5 Lewensvreugde deur minder werk



Werk as middel tot oorlewing en 'n inkomste is nie meer vir almal moontlik nie. Werkloosheid, laag besoldigde werk en lang werksure is sleg vir die samelewing. In 'n wêreld wat warmer word moet werksure minstens tot 'n vierdag-week verminder word. Ordentlike, koolvrye klimaatsposte moet deur middel van die solidariteitsekonomie gewaarborg en gesteun word met kollektiewe, waardegebaseerde en ekosentriese benaderings tot vervaardiging, verbruik, financiering en bestaanwyse. Sodanige ekonomie berus op behoeftes en demokratiseer ekonomiese mag. In samewerking met 'n universele basiese inkomstetelaagstelsel (UBIG) wat bestaande openbare belangte aanvul, kan alle werkers in die vereiste oorgang beskerm word en sal die samelewing gevvolglik 'n buffer hê. Die UBIG sal in die algemeen mensekultuurbloei in 'n post-werkgemeenskap bevorder.

Die kapitalistiese stelsel buit arbeid en die omgewing uit en stel wins voor mense en die planeet, wat beteken dat poste in byvoorbeeld die mynwese, kommersiële landbou en sementvervaardiging, wat tot die klimaatskrisis bydra, steeds nagejaag word solank hulle winsgewend is.

In die lig van stygende temperature, veranderende toestande en meer krisisse gaan die klimaatskrisis dit vir baie van dié poste onmoontlik maak om voort te gaan, wat rampsspoedige gevolge vir werkloosheid sal hé.

In Suid-Afrika, met sy skreiende ongelykheid, waar 10% van inkomsteverdieners oor 65% van die nasionale inkomste beskik en waar werkloosheidsvlakke van die hoogste ter wêreld is, is daar 'n behoefte aan bestaansekerheid en 'n ekonomie wat meer gefokus is op mense en die natuur.

In die derde kwartaal van 2019 het werkloosheid in Suid-Afrika op 29,1% gestaan<sup>13</sup>. Die grendeltaid vanweë die COVID-19-pandemie het volgens die Nasionale Inkomste Dinamika Studie se Coronavirus Rapid Mobile Survey (NIDS-CRAM) 'n noemenswaardige uitwerking op werkloosheid gehad, met 3 miljoen mense wat hul werk in dié tyd verloor het.<sup>14</sup> Werkloosheid staan tans op sowat 10 miljoen.

## 4.6 Eko-mobiliteit en skoon energie openbare vervoerstelsels



Die motorbedryf dra 'n reuseverantwoordelikheid vir die ondermyning van skoon energie openbare vervoerstelsels en verkwistende belegging in duur padinfrastruktuur. Hierdie skade kan beëindig word met groter steun vir stap, fietsry, skoon energie motorfietse, perde en donkies as maniere van ekomobiliteitsvervoer. Stede en dorpe moet ook motorvry wees en infrastruktuur en ekomobiliteit verskaf. Elke gemeenskap moet geïntegreer wees by 'n massavervoerstelsel van busse, treine en trems wat met hernubare energie gedryf word en by hibriedetegnologieë wat op plaaslike ekovervaardiging ondersteun word. Die vervoer van goedere moet ook na spoor verskuif. Nie-elektriese fossielbrandstof-gedrewe motors moet ook uitfaseer word. Lug- en seevervoer moet ook ontkool of beperk word.


Lugvervoer veroorsaak koolstofvrystellings in die atmosfeer. Die verbranding van stralerbrandstof stel benewens koolsuurgas ook ander gasse vry wat op gasse in die atmosfeer kan reageer, en hierdie chemiese reaksies kan tot klimaatsverandering bydra.

Sekere navorsing dui daarop dat vrystellings vanweë lugvervoer teen die jaar 2050 kan verdriedubbel indien die kultuur van vlieg voortduur<sup>15</sup>. Almal stem egter saam dat vlieg klimaatsverandering op een of ander manier beïnvloed en vir tot 5% van aardsverwarming verantwoordelik is, en dat meer vlugte hierdie syfer selfs verder sal verhoog<sup>16</sup>

Die openbare vervoerstelsel in Suid-Afrika, soos die meeste ander stelsels in die land, maak steeds baie staat op 'n koolstofgedreve bedryf, en 'n gedeelte van die bevolking is ook nog afhanklik van die gebruik van private voertuie.

Volgens die regering se Groen Vervoerstrategie vir Suid-Afrika (2018–2050) dra die vervoersektor sowat 10,8% tot alle vrylatings in Suid-Afrika by<sup>17</sup>. Dan is daar ook nog indirekte vrystellings soos die raffinering en vervoer van brandstof.

#### 4.7 Zero-afval en 'n eenvoudige lewe



Massaverbruik van basiese grondstowwe en 'superster-leefstyle' is hulpbron-intensief, verkwistend en koolstof-gesentreerd. Verder is opvullingsterreine, die verbranding van afval en besoedeling van ekosisteme skadelik. Zero-afval voltooi die sirkel met herwinning, hergebruik, ekonomiese beginsels wat berus op solidariteit en volhoubare ontwerp in ons ekonomie sodat daar minder (of geen) ontgunning van grondstowwe is nie. Sekere tegnologieë, soos enkelgebruik-plastiek, moet verban word. Met 'n eenvoudige leefwyse kan ons met 'n minimale hulpbron- en koolstofvoetspoor leef.

Volgens die Vereniging vir Water en Landelike Ontwikkeling (AWARD) genereer Suid-Afrikaners jaarliks naastenby 54,2 miljoen ton algemene afval, met slegs sowat 10% daarvan wat herwin of vir ander doeleindes gebruik word, en met die oorweldigende meerderheid daarvan bestem vir vullingsterreine en stortplekke.


#### **4.8 8 Eko-maatskaplike behuising, geboue en oorgangsdorpe**



Talle huise is nie ontwerp om klimaatsuiterstes te hanteer nie. Verder is talle mense in ons samelewing steeds dakloos terwyl rykes gholfbane besit. Ons moet bestaande geboue en huise retropas om meer hitte en uiterste weersomstandighede te kan hanteer. Net so moet nuwe huise ontwerp word as deel van eko-gemeenskappe, dorpe, munisipale huurskemas en stede, waar konstruksiemetodes natuurlike materiaal gebruik wat minimale impak op die omgewing het en voorsiening maak vir eko-maatskaplike grondbehoeftes van individue as deel van 'n gemeenskap.

Sodanige behoeftes is vir behuising, agro-ekologiese voedselproduksie, volhoubare watergebruik, biodiversiteit, die grootmaak van kinders en kultuur. Sement word vanweë sy reusagtige koolstof-voetspoor nie in hierdie konteks gebruik nie en moet as boutechnologie uitfaseer word.

Daar is tans geen amptelike statistieke wat die omvang van dakloosheid in Suid-Afrika dokumenteer nie. Volgens Statistieke Suid-Afrika se opname oor algemene huishoudings in 2013 woon 13,6% van die bevolking egter in informele nedersettings. Onlangse skattings oor dakloosheid wat deur die Navorsingsraad vir MenslikeWetenskappe uitgevoer is, stel die aantal dakloses in die land op 200 000<sup>18</sup>.



## 4.9 Verby hoofstroom-ekonomie



Die aannames van die ekonomie oor menslike gedrag, die natuur, wins, markte, basiese grondstowwe en groei vernietig alles. Hoofstroom-ekonomie regverdig bloot die welstand van 'n handvol, hulle vernietigende gebruik van hulpbronne en gevolglike besoedeling en koolstof-vrystellings. Ons ekonomiese moet in ons behoeftes as sosio-ekologiese wesens en in die behoeftes van ekosisteme voorsien. Ons benodig 'n ekonomie wat ekologiese voetspore, geluk, welstand, die plooibaarheid van ekosisteme (deur gereelde oudits), die gemeenskaplike dinge en planetêre grense in berekening bring. Ons ekonomiese moet ingestel wees op begrippe en middels wat die stand van alle lewende wesens in ag neem en die skade

aan beide die mens en nie-menslike natuur beëindig. Dit behoort as basis van agendastelling, beleid, hulpbrontoewysing en demokratiese beplanning te dien.

Die huidige maatstaf vir groei in die globale arena is die Bruto Binnelandse Produk (BBP). Dit kyk na die algehele waarde van goedere en dienste per jaar en vergelyk dit met markpryse om groei te bepaal. Dit meet nie skade aan die natuur (soos die verwoesting van ekostelsels) en aan die samelewings vanweë besoedeling en koolstofvrystellings nie. Verder word kreatiwiteit, geluk, die natuurlike omgewing, versorgingswerk, ens. nie vir hierdie groeimetring in berekening gebring nie<sup>19</sup>.

Volgens syfers van die IMF en die Wêreldbank in 2019 staan die BBP in Suid-Afrika op onderskeidelik 35 en 36 op die wêreld-ranglys. In teenstelling staan Suid-Afrika op nommer 109 op die Verenigde Nasies se ranglys vir geluk van 2017 en 2019.

Suid-Afrika het verder tussen 2008 en 2019 die 34ste skerpste daling in sy geluksmeting gesien, wat daarop dui dat ons ongelukkig is.<sup>20</sup>

#### 4.10 Die rykes moet hul ekologiese skuld betaal



Die rykes in ons samelewings het hulpbronne uitermatig verbruik, ons ekosisteme negatief beïnvloed en het 'n reusagtige koolstof-voetspoor. Hulle is ons almal 'n ekologiese skuld verskuldig en moet die finansiële las van die diepgaande regmatige oorgang dra. Dít beteken 'n klimaatskuldbelasting vir die rykes; hoë belasting op lugvaart, private stralers, luukse voertuie en elektriese motors; progressiewe koolstofbelasting gerig op besoedelende korporasies wat nie koolstof vinnig genoeg uitfaseer nie; en klimaatsgeregtigheidstariewe op koolstofkriminele korporasies en


regerings. Werkers moet pensioen- en voorsorgfondse met werkerbeheer hefboomfinansier om te verseker dat die diepgaande regmatige oorgang aan hul behoeftes voorsien en die skepping van 'n nasionale koöperatiewe bank wat werkplekke, gemeenskappe en huishoudings steun met die oorgang na hernubare energie in maatskaplike besit en die verwesenliking van diegaande regmatige oorgangsplanne. Openbare finansiering moet ook ingespan word uit eko-belastings, boetes vir besoedeling, onttrekking van subsidies vir fossielbrandstof en ander progressiewe belastingbronne.

Internasionale navorsing toon dat die meer welvarende mense in ons samelewing meer hulpbronne verbruik en 'n groter koolstofvoetspoor het. Volgens 'n Oxfam-verslag van 2015 vervaardig die rykste 10% van alle mense die helfte van die wêrelde se koolstofvrystellings.<sup>21</sup>

Triljoene werkers se geld (meer as R4 triljoen in opgehoopte reserwes) word in pensioenfondse belê<sup>22</sup>. Van hierdie geld kan aangewend word om 'n regverdig oorgang in gemeenskappe en werkplekke te bemagtig.

Die fossielbrandstofbedryf word nog tot 'n groot mate deur die regering gesubsidiee<sup>23</sup>r. Sedert 2008 het regeringsubsidies gewissel tussen VS\$454 miljoen en VS\$2,09 miljard per jaar<sup>24</sup>.

#### 4.11 Kennis is onontbeerlik vir oorlewing



Daar is 'n groot kennigaping in die samelewing wat die verergering van die klimaatskrisis betref. Ons moet van verskillende kennissisteme gebruik maak om openbare bewustheid te bevorder en te oorleef. Inheemse kennis het magtige hulpbronne om ons te help en moet herwin, aangeleer en respekteer word. Aardsisteemwetenskap, waaronder klimaatswetenskap, is noodsaaklik om die publiek oor die klimaatskrisis en die uitdagings daarvan in te lig. Klimaatswetenskap as mensewetenskap moet aangevul word deur eerstehandse ervaring gegrond op waarneming en leer van ekosisteme. Gegewe die kompleksiteit van klimaatsverandering, moet navorsing en innovering wat sistemiese transformasie en

openbare belangstelling verseker, ondersteun word. Universiteite en skole moet hierdie kennisuitdagings aan boord neem.

Wetenskaplike en Westerse kennisselsels word in die globale stelsel hoog geskat. Die inheemse, aanpasbare en verankerde kennisselsels word dikwels nie in ag geneem of op prys gestel nie, en moet dikwels opsy staan vir ingevoerde oplossings vir plaaslike klimaatsprobleme. Ingevoerde tegnologiese oplossings wat uitermatig swaar op energie en vervaardigingskrag is, word bo natuurlike oplossings gestel.

As 'n mens na die nuutste opnames van die Navorsingsraad vir Menslike Wetenskappe oor openbare houding teenoor inheemse kennis kyk, ondersteun 'n oorweldigende meerderheid van Suid-Afrikaners die gebruik daarvan. Byvoorbeeld, 66% van Suid-Afrikaners glo inheemse kennisselsels bied lesse wat tot almal se voordeel kan wees terwyl 76% voel die regering moet meer doen om gemeenskappe wat betrokke is by inheemse kennisselsels, kleinsake-ondernehemings wat inheemse kennisselsel gebruik, te ondersteun, en oor die algemeen meer bestee aan die beskerming van inheemse kennisselsels<sup>25</sup>.



#### 4.12 Nood-, holistiese en voorkomende gesondheidsorg



Ongelykheid in gesondheidsorg beteken klimaatskade sal ongeregtheid bring, soos tydens die Covid-19-pandemie. Ons benodig werkbare, toeganklike en reagerende openbare gesondheidstelsels om in mense se behoeftes te voorsien en die gesondheidsuitdagings aanspreek wat met klimaatsverhitting gepaardgaan. Sodanige gesondheidsorgstelsels moet in staat wees om noodgevalle, sielkundige trauma, siektes en nuwe epidemies te kan hanteer. Holistiese sorg en 'n voorkomende ingesteldheid op grondvlak moet versterk word.


Die klimaatskrisis het reeds tot dood en besering geleid vanweë die weerskappe wat dit veroorsaak, maar daar word ook verwag dat die klimaatskrisis 'n styging in aansteeklike siektes gaan veroorsaak. Daar word voorsien dat malaria, asemhalingsiektes as gevolg van besoedeling, en kommer oor gesondheid vanweë wanvoeding en besoedeling sal styg.

Die styging in temperature en langdurige droogtes wat dit veroorsaak, kan ook verdere druk op kosbare hulpbronne soos water en voedsel plaas en tot konflik lei. Ander kwessies, soos besorgdheid oor geestesgesondheid, kan ook vererger soos wat temperature styg.

'n Gesondheidsorgstelsel wat op markte gebaseer is, benadeel menselewens en die omgewing, en kan nie in huidige of veranderende gesondheidsbehoeftes voorsien nie. Omdat 'n markgebaseerde gesondheidstelsel deur wins en privatisering gedryf word, staan mensebehoeftes nie sentraal nie<sup>26</sup>.

Die organisasie vir ekonomiese samewerking en ontwikkeling (OECD) het universele gesondheidsdekking as bereikbare beleid vir middelinkomstegroep-lande onderskryf vanweë 'n bevinding dat daar 'n positiewe korrelasie tussen bevolkingsdekking en lewensverwagting en 'n negatiewe verhouding tussen betalings sonder fondse en lewensverwagting bestaan. Dit identifiseer gesondheidsuitgawes, opvoeding en omgewingsbeskerming as sleutelbydraers tot lewensverwagtingsvoordele in OECD-lande tussen 1990 en 2013<sup>27</sup>.

#### 4.13 Natuurregte en natuurlike klimaatsoplossings



Ons oseane is besoedel, woude vernietig, grond gesteel en verlies aan biodiversiteit verhoog; als te wyte aan die najaag van wins. As ons wil oorleef, moet alle lewende wesens respekteer word. Alle lewe en alle ekosisteme op ons planeet is dig verweef en moet bestaan, voortbestaan en hul noodsaklike siklusse regenereer. Die natuurregte-benadering erken die wesentlike waarde van alle nie-menslike vorms van lewe. Boonop het die natuur haar eie oplossings vir klimaatsverandering waaruit ons kan leer. Sodanige oplossing sluit bewarings-, herstel- en grondbestuursaktiwiteite in wat koolstofberging oor woude, moeraslande, grasvelde, kus-ekostelsels en agro-ekologiese landbougrond heen verhoog.

Gemeenskapsgedeelde biodiversiteitsregisters is noodsaaklik om natuurlike klimaatsoplossings te beskerm en te bevorder.


Die klimaatskrisis sal nie vermy kan word, en die gevolge daarvan nie reggestel kan word binne die stelsel wat dit geskep het nie. Kapitalistiese oplossings tot die klimaatskrisis sal nie werk nie en eerder ongelykhede verskans omdat dit steeds winsbejag as uitgangspunt sal hê.

Tegnologiese vooruitgang en tegnologiese oplossings sal nóg in die behoeftes van die mense voorsien nóg die klimaatskrisis oplos en bloot die begrip van oorproduksie, oormatige verbruik en verhoogde energiegebruik versterk.

Die oplossing tot die klimaatskrisis is 'n algehele verandering in die stelsel en manier van dink; die oplossings is in die natuur<sup>28</sup>. Studies toon dat die implementering van natuurlike klimaatsoplossings soos die beskerming van woude, bewaring van water en verbeterde grondbestuur volgens konserwatiewe berekenings tot die jaar 2030 sowat 37% kan bydra tot die kostedoeltreffende versagting van klimaatskade en 'n 66%-kans op aardverwarming onder 2 grade Celsius per jaar<sup>29</sup>.



#### 4.14 Klimaatsbewuste media



Die media lig die publiek nie voldoende in oor klimaatsverandering nie. Dit moet die wetenskap van klimaatsverandering ernstiger opneem en die publiek oor die klimaatskrisis, beleidsaangeleenthede en die vereiste sistemiese alternatiewe inlig. Klimaatnuus moet oor die radio, op televisie en in die gedrukte media gehoofstroom word.

The South African media, except for a handful of dedicated climate reporters, and some dedicated climate columns, have failed to adequately report on the climate crisis. They are not doing a good enough job of reporting on the carbon pollution, the impact of weather shocks on the people and the economy.

'n Opname om die vlak van kennis oor klimaatsverandering in die land te bepaal, het vasgestel dat 54% van Suid-Afrikaners nog nooit daarvan gehoor het nie. Die rede vir gebrekkige verslaggewing in Suid-Afrika kan onder meer toegeskryf word aan die feit dat omdat daar in verskeie nuuskantore onvoldoende fondse is, talle nie eens 'n toegewyde klimaatsverslaggewer het om klimaatskocke soos droogtes en grootskaalse storms aan klimaatsverandering te koppel nie maar eerder as geïsoleerde gevalle te rapporteer. Bygesê, 'n mate van ontkenning oor die omvang van klimaatsverandering het in die Suid-Afrikaanse media ingesluip<sup>30</sup>.

Media Monitoring Africa het Suid-Afrikaanse media-inhoud oor die onderwerp van Januarie 2014 tot Desember 2019 ontleed om aktiwiteit rondom klimaatsverandering te monitor. Hul navorsing het getoon dat daar sedert 2018 'n beduidende styging in die aantal artikels oor klimaatsverandering was. In 2019 alleen is altesaam 8 870 artikels gepubliseer, wat heelwat meer is as die 4 885 wat vir 2018 aangeteken is. Daarteenoor was daar in 2014, 2015, 2016 en 2017 nie meer as 1 000 artikels per jaar nie. Dit lyk asof hierdie eksponensiële styging in die aantal artikels saamval met 'n opmerklike styging in die dekking wat jong aktiviste aan klimaatskwessies gee. Hierdie statistiek toon dat jong aktiviste grotendeels daartoe bygedra het om klimaatsverandering op die agenda te plaas en aan die saak mediadekking te gee, maar dit moet nog tot die hoofstroom-media deurdring<sup>31</sup>.

## **5. Op pad na 'n mensegedreve klimaatsgeregtigheidstaat**

Die Suid-Afrikaanse staat moet 'n klimaatsgeregtigheidstaat word wat die klimaatnood in die lig van 'n versterkende demokrasie erken. Dit moet gelei word deur die visie, doelwitte, beginsels en mensegedreve sistemiese alterniewe wat in hierdie Handves vervat word en al sy klimaatsbeleide moet inlyn gestel word om hierdie Handves te verwesenlik. Meer spesifiek, sal 'n klimaatsregverdige staat ook:

- 5.1 Deelnemende beplanning vir diepgaande oorgange van onder af moontlik maak.
- 5.2 Openbare finansieringsmeganismes soos 'n openbare klimaatversekeringsfonds en groen obligasies ontwikkel, 'n klimaatskrisismandaat aan die Reserwebank lewer, alle openbare en private finansieringsinstellings heroriënteer om die diepgaande regmatige oorgang te steun en belastingvoorstelle in hierdie Handves te bevorder.
- 5.3 Progressiewe regulasies verseker wat die verwoestende logika van kapitaal inkort, perke plaas op korporasies en, in besonder, 'n verbod plaas op enige toekomstige fossielbrandstof-ontginding.
- 5.4 Alle staatspraktyke koolvry maak en in al sy aktiwiteite 'n zero-koolstofvoetspoor behaal.
- 5.5 Staatstrukture administratief en grondwetlik herontwerp omdat dele van die land onleefbaar geraak het.
- 5.6 Die land op stygende seevlakke voorberei en as deel van deelnemende beplanning toepaslike maatreëls tref.
- 5.7 Plaaslike regering versterk om beter magte en demokratiese beplanningsvaardighede te hê om die klimaatskrisis te hanteer.
- 5.8 Institusionele kapasiteit deur 'n mensebestuurde klimaat-rampbestuurstelsel ontwikkel, wat 'n nasionale branddiens, volledig funksionele openbare

hospitale, snelreaksie-noodspanne, verhoogde kapasiteit vir die weerdienste en rampbestuursinfrastruktuur insluit.

- 5.9 Navorsing en innovering bevorder om sistemiese transformasie vir diepgaande regmatige oorgang van onder af te bevorder, aktief openbare bewustheid te bevorder en te verseker dat alle openbare instellings klimaatsgeregtige leiers is.
- 5.10 Alle verkwistende besteding verminder, korruksie beëindig en die staatsburokrasie professionaliseer met die aanstelling van die beste mense in die land om in die regering te dien. 'n Warenierassige en vrouegedrewe burokrasie moet geskep word.
- 5.11 'n Ingesteldheid op klimaatsgeregtigheid in sy internasjonale betrekkinge te bevorder, waaronder die hernuwing van radikale Pan-Afrikanisme deur die bevordering van: 'n klimaatsregverdige posisie onder Afrika-regerings om klimaatskuld-vergoeding van die globale noorde as deel van 'n Klimaatsgeregtighedsakkoord te eis; klimaatsgeregtighedsanksies teen koolstofkriminele state; solidariteit met vlugtelinge en migrante; navorsing, sistemiese alternatiewe; hernubare energiesaamvoeging; klimaatrampreaksievermoëns; en 'n beroep op 'n 'Beëindiging van fossielbrandstofverdrag' in die VN-stelsel wat Afrika-regerings bevoordeel.

## **6. Mensemag vir gemeensaamheid en 'n klimaatgeregtige ooreenkoms vir Suid-Afrika**

'n Klimaatsregverdige toekoms kan slegs bereik word deur die mag van 'n verenigde volk. Ons het dit geleer in die stryd teen kolonialisme, apartheid en neoliberalisme.

Mag lê in verskillende dele van die samelewing, in die stelsels wat ons bou, die organisasies en bewegings waarvan ons deel is, en in die straatpolitiek wat ons voer. Mensemag moet aan die spits staan in die beskerming van die lewende gemeenskaplike goed wat ons en toekomstige generasies dra.

Die mens is 'n aanpasbare en buigbare spesie. Ons verstaan die oorsake van die klimaatskrisis en ons het demokratiese, transformerende en regverdige oplossings om ons uitwissing te voorkom. Hierdie Handves van Klimaatsgeregtigheid is 'n padwyser; 'n dringende oproep om ons almal onverwyld in die rigting van sistemiese verandering te beweeg, en vir 'n Klimaatsgeregtigheidsooreenkoms wat die lyding van die kwesbaarstes en onderdruktes beëindig. Só 'n mensegerigte inisiatief sal verseker dat ons die veelvuldige krisisse waarmee die land te kampe het, aanspreek terwyl ons die hoop van die vele soos in die Handves uitgespreek, bevestig. Kom ons staan op vir 'n humanitaire samelewing en verenig in Suid-Afrika en deur internasionale solidariteit voor dit te laat is.

**Voorwaarts na die Handves vir Klimaatsgeregtigheid en diepgaande  
regmatige oorgang vir volhoubare lewe!**

## **Further reading and tools**

Book:

The Climate Crisis: South African and Global Democratic Eco-Socialist Alternatives:

<http://oopen.org/search?identifier=1000474>

Activist Guides/ Tools:

Water Sovereignty Activist Guide: <https://www.safsc.org.za/building-peoples-power-for-water-sovereignty-activist-guide/>

People's Food Sovereignty Act: <https://www.safsc.org.za/peoples-food-sovereignty-act/>

Seed Saving Activist Guide: <https://www.safsc.org.za/seed-saving-activist-guide/>

Land Justice Activist Guide: [https://www.safsc.org.za/wp-content/uploads/2019/12/Land-Justice-Guide-2019\\_Final-compressed.pdf](https://www.safsc.org.za/wp-content/uploads/2019/12/Land-Justice-Guide-2019_Final-compressed.pdf)

Food sovereignty for the right to food - Activist Guide <http://safsc.org.za/wp-content/uploads/2015/09/Food-Sovereignty-for-the-Right-to-Food-Activist-Guide-compressed.pdf>

Building a Solidarity Economy Movement - Activist Guide <http://safsc.org.za/wp-content/uploads/2015/09/SEM-guide.pdf>

Worker Cooperative Activist Guide <https://copac.org.za/wp-content/uploads/2015/09/Worker-Coop-Guide-Final-Web-Version1.pdf>

## References

---

<sup>1</sup> All information in this section is drawn from Scholes, B., Engelbrecht, F. & Vogel, C. 2020. 'Climate Change: Effective action based on Enhanced understanding,' Emancipatory Futures Studies, Climate Science Think Piece, Wits.

<sup>2</sup> IPCC. 2014. Klimaatverandering 2014: Samevattingverslag. Contribution of Working Groups I, II and III to the Fifth Assessment Report of the Intergovernmental Panel on Climate Change [core writing team, R.K. Pachauri and L.A. Meyer (eds.)], IPCC, Geneva, Switzerland, 151 pp.

<sup>3</sup> IPCC 2014

<sup>4</sup> <https://www.nrdc.org/stories/fossil-fuels-dirty-facts>

<sup>5</sup> <https://earthobservatory.nasa.gov/world-of-change/global-temperatures>.

<sup>6</sup> <https://www.iqair.com/south-africa>

<sup>7</sup> <https://mg.co.za/article/2019-03-15-00-pollution-kills-nine-million-a-year/>

<sup>8</sup> <https://www.iol.co.za/news/politics/lockdown-contributed-to-perpetual-hunger-for-22-million-south-africans-study-51017736>

<sup>9</sup> <http://www.statssa.gov.za/?p=12135>

<sup>10</sup> <https://globalnutritionreport.org/resources/nutrition-profiles/africa/southern-africa/south-africa/>

<sup>11</sup> [https://www.safsc.org.za/wp-content/uploads/2017/11/Water-Guide-Final-Web\\_colour.pdf](https://www.safsc.org.za/wp-content/uploads/2017/11/Water-Guide-Final-Web_colour.pdf)

<sup>12</sup> <http://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182017.pdf>

<sup>13</sup> <http://www.statssa.gov.za/?s=unemployment+rate>

<sup>14</sup> <https://businessstech.co.za/news/business/416483/report-reveals-shocking-number-of-job-losses-in-south-africa-during-lockdown/>

<sup>15</sup> <https://theconversation.com/climate-explained-how-much-does-flying-contribute-to-climate-change-127707>

<sup>16</sup> <https://www.newscientist.com/article/2207886-it-turns-out-planes-are-even-worse-for-the-climate-than-we-thought/>

<sup>17</sup>

[https://www.transport.gov.za/documents/11623/89294/Green\\_Transport\\_Strategy\\_2018\\_2050\\_onlineversion.pdf/71e19f1d-259e-4c55-9b27-](https://www.transport.gov.za/documents/11623/89294/Green_Transport_Strategy_2018_2050_onlineversion.pdf/71e19f1d-259e-4c55-9b27-)

---

30db418f105a#:~:text=Emissions%20from%20the%20transport%20sector%20in%20South%20Africa%20account%20for,refining%20and%20transportation%20of%20fuels

<sup>18</sup> <http://www.hsrc.ac.za/en/research-outputs/view/7360>

<sup>19</sup> Devan Pillay - *The problem of growth – towards happiness, wellbeing and ecosocialism*. Climate Justice Charter think piece.

<sup>20</sup> <https://worldhappiness.report/ed/2020/#read>

<sup>21</sup> <https://www.oxfam.org/en/press-releases/worlds-richest-10-produce-half-carbon-emissions-while-poorest-35-billion-account>

<sup>22</sup> <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-08-24-unleashing-the-power-of-pension-funds-and-debt-cancellation-to-finance-a-just-energy-transition-part-4/>

<sup>23</sup> Jacklyn Cock- *Coal Addiction and the Just Transition*, Alex Lenferna- *Fossil Fuel Subsidies*. Climate Justice Charter think piece.

<sup>24</sup> [https://fossilfreesa.org.za/wp-content/uploads/2018/08/paper\\_sustaining\\_carbon\\_lockin-sa\\_2018.pdf](https://fossilfreesa.org.za/wp-content/uploads/2018/08/paper_sustaining_carbon_lockin-sa_2018.pdf),

<sup>25</sup> Volledige verslag:

<http://repository.hsrc.ac.za/handle/20.500.11910/3997Opsomming>:

<http://www.hsrc.ac.za/en/review/november-/local-is-lekker>

<sup>26</sup> Natalya Dinat: *Transforming the health care system to confront the climate crisis- a healthy planet means healthy people*. Climate Justice Charter think piece.

<sup>27</sup> <https://www.oecd.org/health/health-systems/Universal-Health-Coverage-and-Health-Outcomes-OECD-G7-Health-Ministerial-2016.pdf>.

<https://www.ncbi.nlm.nih.gov/pmc/articles/PMC6153391/>

<sup>28</sup> <https://theconversation.com/techno-fix-futures-will-only-accelerate-climate-chaos-dont-believe-the-hype-125678>.

<sup>29</sup> <https://www.pnas.org/content/114/44/11645>

<sup>30</sup> Leonie Joubert, *Role of Media in reporting the climate crisis*. Climate Justice Charter think piece

<sup>31</sup> <https://mediamonitoringafrica.org/wp-content/uploads/2020/06/Climate-Change-Report-1.pdf>

